# Hillcrest High School

Graad 8

# AFRIKAANS EAT V1

NOVEMBER 2023

**PUNTE:** 80
**TYD:** 1½ uur

**EKSAMINATOR:** Me. S Schoeman
**MODERATOR:** Mev. R Jordaan

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **BEGRIP** | **(30)** |
| **AFDELING B:** | **TAAL** | **(50)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE AFDELING op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar met 'n swart of blou pen.**


7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwrd dan jou vrae daarvolgens.**

**STERKTE!!!**

**AFDELING A: BEGRIP**

VRAAG 1: ARTIKEL
Lees die artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BOEKKLUB LEES 28 JAAR LANK AAN EEN BOEK**



1 Meeste boekklubs lees een boek op ‘n slag. Sommige klubs besluit om ‘n dik boek in korter dele op te deel sodat hulle dit oor ‘n paar maande kan bespreek.

2 Een boekklub in Kalifornië in die VSA het egter die boek wat hulle gekies het in bladsye opgedeel – en elke bladsy op sy eie gelees en indiepte bespreek.

3 Dit het die groep 28 jaar lank geneem om James Joyce se *Finnegans Wake*, wat bekend is daarvoor dat dit baie moeilik is om te verstaan, te lees.

4 Gerry Fialka het die boekklub in 1995 by die Venice-tak van die Los Angeles-staatsbiblioteek begin en tydens die pandemie op Zoom met gesprekke voortgegaan.

5 Die groep het Dinsdag bymekaar gekom vir die heel laaste bladsy.

6 Hoe lank kan mense oor ‘n enkele bladsy praat? “Twee ure,” lag Fialka.

7 Daar is nog nie enige volgende boeke op die groep se kalender nie.

8 *Finnegans Wake* se laaste sin eindig in die middel van die sin, en word dan aan die begin van die boek voortgesit. Dis dus soos ‘n aaneenlopende sin wat op bladsy 628 eindig en weer op bladsy 3, die begin van die boek, aangaan. “Dis ‘n sikliese boek – dit hou nooit op nie.”

9 Dinsdag was dus nie die laaste keer wat die groep ontmoet nie. “Dieselfde ding sal volgende maand gebeur,” sê Fialka. “Ons sal weer bladsy 3 lees…daar is eintlik nie enigiets wat verander het nie.”

10 As ‘n mens die som doen, het die groep gemiddeld twee bladsye per maand gelees.

11 In Junie 1996 het die *Los Angeles Times* berig die groep trek nog net by bladsy 8 en verduidelik wat die boek só moeilik maak om te lees: “Joyce het 60 tale in sy speelse boek saam gebruik. Hy het dele van woorde in verskillende tale saamgesit om nuwe woorde te skep.”

12 Fialka se boekklub is nie die eerste van sy soort nie. In 2015 het die *Boston Globe* geskryf oor ‘n boekklub wat 18 jaar lank aan dieselfde boek gelees het.

13 Die Ierse skrywer, Joyce, het 17 jaar lank aan *Finnegans Wake*, sy finale werk, geskryf. Hy is 20 maande later in 1941 oorlede.

[Verwerk uit maroelamedia.co.za]

1.1 Hoeveel boeke lees meeste boekklubs gewoonlik op ‘n slag? (1)

1.2 Waar is die boekklub wat in die artikel bespreek word? Gee die naam van die staat EN die land. (2)

1.3.1 Hierdie boekklub het hul boek hoofstuk vir hoofstuk gelees.

Haal SES OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat wys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.3.2 Hoekom, dink jy, het hulle besluit om die boek só te lees? (1)

1.4 Hoe lank het dit die boekklub geneem om hierdie boek te lees? (1)

1.5 Wie het *Finnegans Wake* geskryf? (1)

1.6 In watter jaar het die boekklub begin? (1)

1.7 Dink jy die Covid-19 pandemie was vir die boekklub ‘n probleem om die boek te bespreek? Sê JA of NEE en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

1.8 Op watter dag van die week kom die boekklub bymekaar? (1)

1.9 Pas die beskrywing in KOLOM B by die stelling in KOLOM A. Skryf slegs die nommer (1.9.1-1.9.3) en die letter (A-D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.9.1 Biblioteek | A Sikliese boek |
| 1.9.2 *Finnegans Wake* | B Covid-19 pandemie |
| 1.9.3 Ierland | C Skrywer is hier gebore |
| | D Boekklub is gestig |

(3x1) (3)

1.10 Weet ons hoe die storie eindig? Sê JA of NEE en haal 12 OPEENVOLGENDE WOORDE aan om jou antwoord te bewys. (1)

1.11 Hoeveel bladsye is in die boek? (1)

1.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die nommer en letter as antwoord neer.

‘n “aaneelopende sin” (paragraaf 8) beteken dit…

A is ‘n kort sin.
B hou nie op nie.
C lyk of die sin loop.
D stop eweskielik. (1)

1.13 Volgens paragraaf 12, hoe lank het ‘n ander boekklub geneem om ‘n boek te lees? (1)

1.14 Die skrywer het nie na *Finnegans Wake* nog boeke geskryf nie.

Haal DRIE OPEENVOLGENDE woorde aan wat hierdie stelling as WAAR bewys. (1)


1.15 Sal JY so lank aan een boek kan lees? Sê JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.16 Dink jy dit is 'n goeie idee vir mense om aan 'n boekklub deel te neem? Sê JA of NEE en verduidelik hoekom jy so sê. (1)

**(20)**

VRAAG 2: GRAFIEK

Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




[Verwerk uit *netwerk24.com*, 4 Augustus, 2020]

2.1 Wat is die taal van die boeke waarna daar in die grafiek verwys word? (1)

2.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die nommer en KORREKTE woord neer.

Die pyltjie ⇩ by die boeke, wys dat boekverkope (toegeneem / afgeneem) het. (1)

2.3 Watter DRIE kategorieë word met mekaar in die grafiek vergelyk? (3)

2.4 Waarvoor staan die (R) in die grafiek? (1)

2.5 Volgens die grafiek is daar van 2017 tot 2020 elke jaar MINDER kinderboeke verkoop.

Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.6 Wat is die funksie van die prentjies? (1)

2.7 Watter inligting in die grafiek het jou die meeste geskok? (1)

2.8 Koop JY nog boeke? Sê JA of NEE en verduidelik hoekom jy so sê. (1)
**(10)**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: TAAL**
**Sinstrukture:**



[Verwerk uit *Google*, 10 Oktober 2023]

VRAAG 3
Skryf die volgende sinne in die korrekte WOORDORDE.

3.1 (is) (Daar) (langs die pad) (‘n kameelperd) (1)

3.2 (Ons) (wildtuin toe) (vandag) (het) (gegaan) (1)

3.3 (vandag) (Die familie) (hou) (‘n piekniek) (in die wildtuin) (wil) (1)

VRAAG 4
Skryf die volgende sinne in die VERLEDE TYD.

4.1 Die kameelperd het ‘n baie lang nek. (1)

4.2 Almal moet eintlik in die voertuig bly. (1)

4.3 Hulle kyk na al die diere. (1)

VRAAG 5
Skryf die volgende sinne in die TOEKOMENDE TYD.

5.1 Almal het ‘n lekker tyd in die dieretuin. (1)

5.2 Dit is vandag baie warm. (1)

5.3 Die kameelperd eet lekker blare. (1)

VRAAG 6
Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

6.1 Die familie sit en kyk. Die kameelperd eet blare. (terwyl) (1)

6.2 Almal word vroeg wakker. Hulle gaan dieretuin toe. (dan) (1)

6.3 Karli is opgewonde. Hulle gaan dieretuin toe. (omdat) (1)

VRAAG 7
Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNING / NEGATIEF.

7.1 Die kameelperd hou daarvan om blare te eet. (1)

7.2 ‘n Leeu kruip êrens weg. (1)

7.3 Die kameelperd eet. (1)

VRAAG 8
Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM.

8.1 Die kameelperd eet blare. (1)

8.2 Die gesin het ‘n kameelperd gesien. (1)

8.3 Almal sal foto’s neem. (1)

VRAAG 9
Vul die korrekte LEESTEKENS in die volgende sin in.

9.1 het julle ook leeus kameelperde en sebras gesien (1)

9.2 kyk daar steven (1)

9.3 ma se ons ry vroeg in die oggend wildtuin toe (1)


VRAAG 10
Skryf elke keer die korrekte KOMMUNIKASIE neer.

10.1 Jy groet jou onderwyser in die oggend. Wat sê jy? (1)

10.2 Jou vriend verjaar. Hoe wens jy hom geluk? (1)

10.3 Wat sê jy as jy iemand om verskoning vra? (1)
**(24)**

**Woordstrukture:**
**LET WEL: Skryf by woordstrukture SLEGS die WOORD as antwoord neer. NIE die hele sin NIE!**




VRAAG 11
Gee die MEERVOUD van die woorde tussen hakies.

11.1 Al die (seun) is mal oor pouse. (1)

11.2 Die twee (duif) is nie bang vir die kinders nie. (1)

VRAAG 12
Gee die VERKLEINWOORD van die woorde tussen hakies.

12.1 Daar lê ‘n (bal) op die grond. (1)

12.2 Mila se beste (maat) is vandag siek. (1)

VRAAG 13
Skryf die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woorde tussen hakies neer.

13.1 Mila se (suster) is ook in die skool. (1)

13.2 Mike se (oom) is hulle juffrou. (1)

VRAAG 14
Kies elke keer die korrekte VOORSETSEL.

14.1 Die klok lui (by / om / van) halftwee. (1)

14.2 Dis die laaste dag van skool. Dan gaan almal (met / vir / by) vakansie. (1)

VRAAG 15
Vul die korrekte VOORNAAMWOORD in.

15.1 Mila jaag … maat. (1)

15.2 Mike ry op … fiets. (1)

VRAAG 16
Skryf die korrekte DIEREGELUID vir elk van die diere neer.

16.1 Die hen … oorkant die straat. (1)

16.2 Mike se hond … elke aand. (1)

VRAAG 17
Kies die korrekte VRAAGWOORD om die sin te voltooi. Die antwoord is gegee om jou te help.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Wie | Wie se | Hoeveel | Wanneer | Waar |

17.1 … bal lê op die grond? *Mike se bal.* (1)

17.2 … sluit die skool? *Vandag.* (1)

VRAAG 18
Voltooi die VERGELYKINGS deur die regte woord te gee.

18.1 Mike se nuwe fiets is so rooi soos … . (1)

18.2 In die klas sit Kim so stil soos ‘n … . (1)

18.3 Mila se hare is so sag soos … . (1)

VRAAG 19
Gee die AFKORTINGS van die woorde tussen hakies.

19.1 (Mejuffrou) de Wit is baie gaaf. (1)

19.2 Mila wil graag eendag ‘n (dokter) word. (1)

19.3 Mike vra of hy (asseblief) huis toe kan gaan. (1)

VRAAG 20

Skryf die korrekte TRAPPE VAN VERGELYKING neer van die woorde tussen hakies.

20.1 Mike ry (vinnig) fiets as Kim. (1)

20.2 Kim is die (jonk) in die klas. (1)

20.3 Mila is (oud) as Mike. (1)

VRAAG 21

Skryf die GETALLE in hakies uit as WOORDE.

21.1 Daar is (7) meisies in die klas. (1)

21.2 Daar is (12) kinders in die klas. (1)

21.3 Mike gaan (1e) huis toe. (Skryf die RANGETELWOORD uit.) (1)

**(26)**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 80**

